# Laerskool Eligwa

1 Maart 2024

Geagte Ouers / Voogde

**<u>Nuusbrief Nr. 3 van 2024</u>**

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

**1. AKADEMIE**

Ons wil graag 'n vriendelike beroep op u doen om toe te sien dat u kind se tas korrek gepak is vir elke dag. Daar is te veel kinders wat goed by die huis vergeet en dan moet onnodige oproepe uit die kantoor gemaak word. Dankie vir u samewerking in die verband.

**2. VALENTYNSDAG**

Baie dankie vir u ondersteuning ten opsigte van Valentynsdag. Die leerlinge het dit vreeslik geniet.

**3. BUITEMUURSE AKTIWITEITE:**

Baie geluk aan die volgende atlete wat in die D8-span opgeneem is: Jaylin Maree, Avery Gorrie, Ewan Strydom, Lienka Strydom, Lindie Blignaut, Emile Crafford, Janco du Plessis, Walter Van de Walt en Lian Thomas.

Hulle gaan ons verteenwoordig by die Gautengkampioenskappe op 8 en 9 Maart 2024. Baie sterkte en hou ons naam hoog.

Ons is nou volstoom besig met rugby, netbal en skaak. Leerlinge moet asseblief betyds opdaag vir oefening en nie net sommer wegbly nie.

**4. KARNAVAL**

U het reeds al die inligting ontvang rakende ons karnaval. Baie dankie byvoorbaat vir u positiewe gesindheid en ondersteuning.

Kaartjies sal te koop aangebied word in 'n boekieformaat om 'n bottelnek op die betrokke dag te voorkom. Leerlinge kan reeds vanaf 1 Maart 2024 begin betaal vir die ***Fun Jumping Castles Inflatables*** bandjies (R80) en kaartjies (boekie vir R100–maatjies, boeties en sussies kan deel). Maak dus in u begroting daarvoor voorsiening. Die kaartjies en bandjies vir die ***Fun Jumping Castles Inflatables*** sal op die oggend van die karnaval aan die leerlinge uitgedeel word. Die sluitingsdatums vir die inbetalings van die borgvorms is Woensdag 24 April 2024.

**5. KOEKVERKOPING**

Die Graad R, RR en Graad 7-leerders hou koekverkoping op Vrydag, 8 Maart 2024. Baie dankie by voorbaat vir u ondersteuning in die verband.

**6. MINISPORTDAG**

Ons minisportdag vind plaas op Vrydag, 15 Maart 2024. Die skool sluit dan vir alle leerlinge om 12:15.

**7. INENTING**

Die gesondheidsdepartement besoek ons skool op 7 Maart 2024. Die Graad 5-dogters word dan ingeënt teen die HPV virus. Dit is absoluut vrywillig. Voltooi asseblief die toestemmingsbrief van die Departement van Gesondheid en stuur so gou doenlik terug skool toe. Ouers het reeds die briewe ontvang.

**8. TOERE**

Sterkte aan ons 0/12 en 1ste - netbalspanne wat die naweek van die 15de by Klein Kariba gaan toer. Ons glo julle gaan sommer baie leer en dit baie geniet.

**9. BEHEERLIGGAAMSVERKIESING**

Die vergadering vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing van 6 ouerlede vind plaas op 6 Maart 2024 om 7:30 in die skoolsaal. U het reeds die inligtingsbrief rakende die verkiesing ontvang.

**10. BOEK BUDDIES**

BOEK BUDDIES besoek weer ons skool op 15 Maart 2024. Kleurvolle kostuums, nuutste tegnologie en professionele akteurs laat die karakters in die boeke lewendig word. Saam met die musiek word leerlinge gewys dat lees lekker is. Vyf Afrikaanse kinderboeke word opgevoer en die kostes beloop R20 per kind. Die skool maak geen wins nie en wil graag lees by ons kinders bevorder.

BARGAIN BOOKS sal op 18 en 19 Maart 2024 'n boekuitstalling by die skool hou, waar leerlinge dan vir hulself storieboeke kan koop. Ondersteun hulle gerus tot voordeel van u kind.

**11. KOPLUISE**

Daar is weer kopluise onder die leerlinge opgemerk. Sal u asseblief so gaaf wees om u kind te ondersoek en die nodige stappe te neem. U moet dit asseblief dadelik behandel met 'n spesiale sjampoe wat by die apteek verkrygbaar is. Kopluise is altyd 'n baie sensitiewe saak en ouers voel soms, onnodig, baie verleë daaroor. Aangesien kopluise baie maklik versprei, kan 'n mens ook baie maklik besmet raak.

Groete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**

# KARNAVAL TEMA - SIRKUS

| ***PRYSE VAN KOS EN AKTIWITEITE:*** | | |
|---|---|---|
| **Graad RR, R:** | Roomys | R5.00 |
| **"Mimes"** | | |
| **Aktiwiteit:** | Bal gooi | R5.00 |
| **Graad 1** | Springmielies | R10.00 |
| **Akrobaatruiters** | Lekkers | R5.00 |
| **Aktiwiteit:** | Boontjiesakgooi | R5.00 |
| **Graad 2** | Vetkoeke | R20.00 |
| **Sirkusmeesters** | Sputnik | R15.00 |
| **Aktiwiteit:** | Juggle | R5.00 |
| **Graad 3** | Koeldrank (Refresh/Refresh) | R10.00 |
| **Verkopers** | | |
| **Aktiwiteit:** | Bottel vang | R10.00 |
| **Graad 4** | Hamburgers | R30.00 |
| **"Jugglers"** | | |
| **Aktiwiteit:** | Haarsprei | R5.00/ kleur |
| **Graad 5** | Boereworsrolle | R30.00 |
| **Wilde diere** | Sosaties | R25.00 |
| **Aktiwiteit:** | Dunktank | R10.00 |
| **Graad 6** | Donuts | R10.00 |
| **Sterkmanne** | | |
| **Aktiwiteit:** | Hang(Krag speletjies) | R5.00 |
| **Graad 7** | Spookasem | R10.00 |
| **Narre** | | |
| **Aktiwiteit:** | Spookhuis | R15.00 |
| | Ponieritte | R10.00 |
| | "Inflatables" vir heeldag. | R 80-heeldag |
| | "Inflatables" vir rit. | R5.00 |
| | IFM Versoeke | R5.00 |

## PROGRAM

| | |
|---|---|
| **07:30** | Leerlinge na registerklasse vir inbetalings en neem van register. |
| **07:45** | Leerders trek aan vir optog. |
| **08:00** | Leerders beweeg uit na A-rugby veld vir optog. |
| **08:15** | Optog begin om die veld en leerders kom sit om na ander te kyk. |
| **08:45** | Krete begin. |
| **09:30** | Krete eindig. |
| **09:45** | Stalletjies, speletjies en kaartjie verkope maak oop. |
| **10:00** | Kaskarre  begin. |
| **13:25** | SUMO stoei |
| **14:00** | Karnaval eindig. |

## PROGRAM VIR KASKARRE

| TYD | GRAAD |
|---|---|
| 10:00-10:20 | R & RR |
| 10:25-10:45 | 1 |
| 10:50-11:10 | 2 |
| 11:15-11:35 | 3 |
| 11:40-12:00 | 4 |
| 12:05-12:25 | 5 |
| 12:30-12:50 | 6 |
| 12:55-13:15 | 7 |